## Werknemervoordele oplossing vir arbeiders

***Die Agri en Verwante Sektore Voorsorgfonds ("die Fonds") is 'n unieke sambreelfonds wat deur middel van 'n groepskema aftree-, bedankings-, sterfte-, ongeluksterftedekking-, algehele ongeskiktheids-, en begrafnisvoordele aan werknemers in die landbou en verwante sektore bied.***

Die Fonds poog om beter omstandighede en 'n beter toekoms vir die werksmag in die landbou en verwante sektore te skep. Daar moet voortdurend gepoog word om die behoud en ontwikkeling van die werksmag te bevorder.

**LWO** is een van die stigters van die Fonds.

Die Fonds poog reeds sedert 1991 om die lewens van arbeiders te verbeter deur aanpasbare risiko- en afreevoorsiening te bied.

Dit is belangrik om te besef dat werkgewers ook 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor hulle werkers het.

In hierdie verband bied die Agri en Verwante Sektore Voorsorgfonds die ideale instrument vir die voorsiening van:-

- **Afreevoordele,**
- **Uitdienstredingsvoordele,**
- **Sterftevoordele,**
- **Ongeskiktheidsvoordele, en**
- **Begrafnisvoordele,**

alles in een pakket!

Die produk is uiters aanpasbaar en kan in 'n verskeidenheid van behoeftes voorsien teen uiters mededingende tariewe. Deurlopende dienste word gelewer wat op die behoeftes van werkgewers en werknemers gerig is.

Die **Raad van Trustees** wat die Fonds beheer word deur die volgende bedryfspesialiste bygestaan om te verseker dat die Fonds ooreenkomstig die Wet op Pensioenfondse bedryf word in terme van reëls goedgekeur deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA):

**Administrateurs: Verso Benefits Administrator (Edms) Bpk**

- Sien om na elke aspek van die Fonds se administrasie.

**Voordeelkonsultante: Simeka Konsultante & Aktuarisse**

- Adviseer die Raad oor werknemervoordele en regulatoriese bedryfskwessies.

**Beleggingskonsultante: Simeka Konsultante & Aktuarisse**

- Adviseer die Raad oor die Fonds se beleggingsportefeuljes.

**Aktuariële Dienste: Simeka Konsultante & Aktuarisse**

- Verantwoordelik vir die sertifisering dat die bates en die laste van die fonds ooreenstem en dat die fonds in 'n gesonde finansiele posisie is.

**Onderskrywers van die Groeprisikoskemas: Siyavika Risk Solutions & Sanlam SGR**

- Spesialisrisikobestuurders wat die lid en hul gesin dek in geval van dood, toevallige sterfte en algehele ongeskiktheid.

***"Ons bemagtig jou sodat jy jou arbeidsmag kan bemagtig."***

Vir meer besonderhede kontak **Ben de Jager.**

**E-pos :** ben@verso.co.za
**Sel :** 071 495 3333.